Hoërskool Marais Viljoen
Marais Viljoen High School

P/Sak/Bag X011, Alberton, 1450
h/v/c/o Bodmin & Cradock St, Alberante, 1449
www.maraisviljoen.co.za GPS: S26°16.643′ E28°07.972′
(T): 011 907 9013/4 (F): 011 9071038

2 Augustus 2019
Geagte Ouers / Voogde

OMSENDSKRYWE 10 (2019)

1. TOETSSIKLUS VIR 3DE KWARTAAL EN TOETSTYE

Graad 8- tot 12-leerders het reeds die toetsrooster vir hierdie kwartaal ontvang. Ouers en leerders moet daarop let dat dit die laaste kans is wat leerders het om hul jaarpunt te verbeter, veral vir die leerders wat ‘n moontlike druiping in die gesig staar.

Die toetsreeks begin op 2 Augustus. Neem asseblief kennis dat leerders nie tydens die toetse enige iets van iemand af mag leen of aan iemand anders mag leen nie. Maak dus seker dat u kind alles het wat nodig is om die vraestel suksesvol te voltooi. Toetse op Vrydae sal gedurende die laaste gedeelte van die dag geskryf word en op die dae gedurende die week kan die toetse moontlik aan die begin van die dag geskryf word.

2. HULPKLASSE

Onderwysers is elke Maandag vanaf 14:00 tot 15:15 beskikbaar vir addisionele hulp aan ons leerders. Vanaf Woensdag, 10 Augustus, sal die Tale onderwysers (Afrikaans en Engels) op Woensdae en nie Maandae nie beskikbaar wees vir hulp. Die beskikbare tyd sal dieselfde wees as op Maandae.
Leerders word aangemoedig om van hierdie geleenthede gebruik te maak.

3. REVUE

This is us! was ‘n reuse sukses! Ons is baie trots op elke leerder wat deel was van hierdie produksie. Ons wil graag ook ons ouers bedank vir hulle ondersteuning, geduld en vir die op- en aflaaiery van die sterre in hierdie vertoning. Geen aktiwiteit by die skool kan suksesvol wees sonder die samewerking van ons ouers nie.

4. DANKBETUIGING

Ons wil baie graag al ons ouers bedank vir hulle volgehoue ondersteuning deur die jaar. Ons waardeer u en besef dat u ‘n integrale deel van ons sukses is. Weer eens, baie dankie!

5. EERLIKE LEERDERS

Shaun Rehr, Donovan Reichel en Tilisa de lange het onderskeidelik geld en ‘n selfoon opgetel en ingehandig. Baie dankie.

6. PROGRAM IR DIE WEEK

Maandag 5 Augustus	TOETS Hulpklasse: Alle vakke behalwe tale Gholf: SA's	14:15 – 15:15	
Dinsdag 6 Augustus	Landloopliga Gholf: SA's		Albertondam
Woensdag 7 Augustus	Hulpklasse: Tale Netbal: Fast 5	14:15 – 15:15	 EG Jansen
Donderdag 8 Augustus	2 TOETSE Hokkiemeisies: Noordvaal		
Vrydag 9 Augustus	VROUEDAG Hokkiemeisies: Noordvaal		
Saterdag 10 Augustus	Rugby: Versekerbeker Semifinaal Hokkiemeisies: Noordvaal		 Noordheuwel Ligbron

Vriendelike groete

MARTIE HEYSTEK
SKOOLHOOF

LEIER IN VOLLEDIGE OPVOEDING